

Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 21 Nov 2018
Page: 20

AVE: 9193.18
Circulation: 13906
Part: 1 of 1

# Nóg 'n nuwigheid wag in Varsitybeker-reeks

**Marnus Kok**

Daar is weer 'n nuwigheid in aanstaande jaar se Varsitybeker-rugbyreeks met die nuus dat 'n Noord-Suid-wedstryd ná afloop van die reeks gespeel gaan word.

Vir baie jare, met die uitsondering van 2018, is 'n Droomspan ná die reeks gekies, wat dan teen die Junior Bokke te staan gekom het.

Ná 2019 se reeks sal 'n noordelike span bestaande uit spelers van die Universiteit van Johannesburg (UJ), Wits, Tukkies, Pukke en Ixias teen 'n suidelike span bestaande uit die Shimlas, Maties, Ikeys en die Universiteit van die Wes-Kaapland (UWK) te staan kom.

Die plan is om die wedstryd in Bloemfontein te laat plaasvind.

Die verdedigende kampioenspan, die Maties, begin sy aanslag aanstaande jaar teen Wits, op die eerste Maandag van Februarie in Stellenbosch.

Wits was verlede seisoen een van die verrassingspakkies, maar het in die halfeindronde met 18-65 teen die Stellenbossers vasgeval.

Die Pukke, wat vanjaar in die eindstryd verloor het, kom in die eerste week teen UJ in die Goudstad te staan.

Die nuweling, UWK, se eerste wedstryd is teen sy buurman, die Ikeys, op die Green Mile.

UWK wat verlede jaar die Varsityskild gewen het, vervang die Madibaz, wat gerelegeer is.

Tuks, wat weer deur Nollis Marais gebrei sal word, kom op hul tuisveld teen die Ixias te staan.

Die Ixias sal aanstaande jaar in Pieter Bergh 'n nuwe breier hê.

Die Shimlas het in die eerste week 'n loslootjie, maar reis die tweede week na die Kaap om die UWK te pak.

Die herontmoeting tussen die Maties en die Pukke word op 4 Maart in Stellenbosch beslis.

■ **Bepalings (tuisspanne eerste):**

**4 Februarie: 16:45:** Universiteit van Johannesburg (UJ) t. Pukke, **18:30:** Ikeys t. Universiteit van die Wes-Kaapland (UWK), **18:30:** Tuks t. Ixias, **19:00:** Maties t. Wits.

**11 Februarie: 16:45:** UWK t. Shimlas, **18:30:** UJ t. Tuks, **18:30:** Wits t. Ixias, **19:00:** Ikeys t. Maties.

**18 Februarie: 16:45:** Ixias t. UJ, **18:30:** Pukke t. UWK, **18:30:** Wits t. Shimlas, **19:00:** Tuks t. Maties.

**25 Februarie: 16:45:** Ikeys t. UJ, **18:30:** Ixias t. Maties, **18:30:** Tuks t. Wits, **19:00:** Shimlas t. Pukke.

**4 Maart: 16:45:** UJ t. Wits, **18:30:** Shimlas t. Ikeys, **18:30:** UWK t. Tuks, **19:00:** Maties t. Pukke.

**11 Maart: 16:45:** UWK t. Ixias, **18:30:** Maties t. UJ, **18:30:** Pukke t. Ikeys, **19:00:** Shimlas t. Tuks.

**18 Maart: 16:45:** Wits t. Ikeys, **18:30:** UWK t. UJ, **18:30:** Ixias: t. Shimlas, **19:00:** Pukke t. Tuks.

**25 Maart: 18:30:** Tuks t. Ikeys, Shimlas t. Maties, Ixias t. Pukke, Wits t. UWK.

**1 April: 18:30:** UJ t. Shimlas, Pukke t. Wits, Maties t. UWK, Ikeys t. Ixias.

**8 April:** Halfeindronde.

**15 April:** Eindstryd.

**22 April:** Noord-Suid-wedstryd.



**Chris Smith**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.